

25 September

Romeine 1:1-7

(Teks: 1: 16) Die Here laat ons uit die krag van sy Woord leef

Jy kan nie bewys die Bybel is die Woord van God nie. Die goddelike laat hom nie bewys nie. Tog kan jy saam met Paulus sê: *"Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo..."*. Die Woord van God HET nie krag nie, dit IS 'n krag van God. Die Heilige Gees maak jou oë oop dat jy as't ware die aangesig van God in sy Woord kan sien. Dit neem jou aan die hand, tel jou uit jou eie onmag op en neem jou na Christus, die Gekruisigde, by wie jy verlossing kan vind. Wanneer jy egter tot geloof gekom het, is jy nog nie volmaak nie. Jy moet steeds uit daardie krag van God bly leef.

Wanneer jy van die Woord afdwaal of dit ignoreer, loop dit ook skeef met jou geloof. Onderwerp jou aan God as Hy jou in sy Woord teregwys, reghelp, vermaan, aanhelp. Kry nuwe krag as Hy jou daaruit troos, bemoedig en versterk. So bly jy in die krag van God en keer dit dat jy geestelik lendelam, onseker of moedeloos raak. Satan vlug ook voor hierdie krag van God uit. Bewapen jouself daarmee. Maak elke Bybellees 'n ankertou aan jou geloof; dan sal dit vas bly staan die dag as jy gediagnoseer word met kanker, of as jy by 'n sterfbed moet staan, of as jy die slagoffer word van misdaad. Dan sal jy ook staande bly in die dag van oordeel. Daar sal jy staan - nie in jou eie krag nie, maar in die krag van Jesus Christus, jou Verlosser en Middelaar.

Sing Psalm 33:5 en 6

Ds. P.H. Fick (Springs)